# GRONDWET VAN DIE
# “Friesian Horse Society of Southern Africa”
# FPSSA

## WOORDOMSKRYWING:

In hierdie grondwet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken:

a) “aantekening” die prosedure van inskrywing van Friesperde in die Hollandse kuddeboek;

b) “Departement” die Departement van Landbou

c) “eienaar” van ’n Friesperd, die persoon of die stoet wat sodanige perd besit en wat in die kuddeboek aangeteken is as die eienaar, of wat tot bevrediging van die Raad bewys lewer dat sodanige perd geskik is om so in sy naam aangeteken/geregistreer te word;

d) “embrio” ’n bevrugte sel van ’n Friesperd

e) “FPS” Het Friesch Paarden-Stamboek (Nederland)

f) “FPSSA” Vereniging van die “Friesian horse society of Southern Africa”

g) “Friesperd”’n perd wat in die Kuddeboek ingeskryf is of daarvoor geskik is

h) “Gebied” die RSA en enige ander lande in Suider-Afrika soos deur die Vereniging bevestig is van tyd tot tyd met die goedkeuring van die Hollandse vereniging.

i) “geboorte” die geboorte van ’n Friesperd;

j) “Grondwet” die Grondwet (met inbegrip van die Verordeninge van die Vereniging);

k) “Inspekteur, Keurder” dieselfde hoedanigheid as inspekteur of keurder deur die Hollandse vereniging aangestel;

l) “Kuddeboek” die Kuddeboek van die Hollandse Vereniging waarin die besonderhede van die Friesperde ingeskryf word;

m) “Minister” die Minister van Landbou

n) “persoon of persone woonagtig in die Gebiede wat ’n teler is” beteken die stoet/ery van sodanige persoon/persone of plekke in die Gebiede aangehou word en nie noodwendig dat die persoon of teler self in die gebied woonagtig is nie;

o) “Raad” die Raad van die FPSSA;

p) “Registrateur” die beampte aangewys as Registrateur van Veeverbetering ingevolge Artikel 4 van die Wet, en sluit ’n beampte in wat in sy opdrag of onder sy beheer optree;

q) “registreer”die prosedure van inskrywing van Friesperde deur die KFPS of geregistreer by die Koninklike Vereniging van Het Friesch Paarden-Stamboek van Nederland.;

r) “Sekretaris” die Sekretaris van die Vereniging wat alle vergaderings van die Vereniging bywoon en die reg het om aan die besprekings deel te neem, en as bestuurslid en as gewone lid stemgeregtig is (sien klousule 11.(C)

s) “semen” die saad van ’n Friesperd,

t) “stamboek” die Suid-Afrikaanse Stamboek en Veeverbeteringsvereniging;

u) “Vereniging” Die FPSSA van Suider-Afrika formeel geaffilieer met die KFPS deur die Friesperd wereld organisasie;

v) “Vulboek” die Vulboek van die Vereniging waarin die besonderhede van alle Friesperdvullens ingeskryf word ten opsigte waarvan geboortekennisgewings ingedien was;

w) “Wet” Die veeverbeteringswet Nr 25 van 1977 (soos gewysig) deur die Wysigingswet op Voorverbetering, 1997 (Wet 60 van 1997) insluitende die regulasies kragtens die Wet uitgevaardig.

# GRONDWET

# FRIESIAN HORSE SOCIETY OF SOUTHERN AFRICA
# FPSSA

## 1 NAAM VAN DIE VERENIGING

Die naam van die Vereniging is die “FRIESIAN HORSE SOCIETY OF SOUTHERN AFRICA” FPSSA en in hierdie Grondwet het alle woorde waaraan ’n bepaalde betekenis geheg word, dieselfde betekenis as in die Wet.

## 2 DOELSTELLINGE EN MAGTE

Onderhewig aan die bepaling van hierdie Grondwet, is die doelstellings en magte van die vereniging:

- Om die teeling en kwaliteit van Friesperde aan te moedig en te bevorder in die gebiede deur uitvoering te gee aan die magte en pligte verleen aan die Vereniging deur die KFPS. Dit sluit in die fasilitering van: aantekening/registrasie van friesperde by die KFPS, invoer en uitvoer van Friesperde, semen en eierselle, tegniese-, adviserende- en inspeksiedienste of op enige ander wyse;
- Om die rasegtheid van die Friesperdras soos bepaal word deur die KFPS in die gebiede te bewaar en om deur alle moontlike en beskikbare middele belangstelling in die ras te bevorder;
- Om noukeurige verslae van die stambome en besonderhede van Friesperde saam te stel, te bewaar en in stand te hou, of te laat saamstel, bewaar en in stand hou deur die KFPS.
- Om die internasioenale standaard soos bepaal deur die KFPS te verseker.
- Om die verhandeling in Friesperde te bevorder.
- Om deur samewerking met Stamboek, die Departement en die Koninklike Vereniging Friesch Paarden-Stamboek van Nederland, voorligting te gee om die ras te verbeter;
- Om inligting in te win en te versprei aangaande die beste wyse waarop die teling van Friesperde die beste uitgevoer en op die voordeligste manier uitgebou en voortgesit kan word en lede op hoogte te hou met wetenskaplike en ander ontwikkelinge, en
- Om sodanige funksies te vervul en pligte uit te voer soos aan die Vereniging opgelê is deur die Wet en bepalings soos uiteengesit in die grondwet van die KFPS en die wereld organisasie.
- Om n jaarlikse FPSSA nasionale skou te hou op die KFPS standaard met judges wat die KFPS reels navolg.
- Om jaarlikse keuring van nuwe vullens en ander perde deur KFPS judges te verseker en die opneem daarvan in die KFPS studboek.
- Om te verseker dat daar n behoorlike administrasie en bestuurprosesse in plek is met n bestuursraad en n voorsitter vir die bestuur van die vereniging.

# 3 LIDMAATSKAP

## 3.1 SOORTE LEDE

Daar is die volgende lede:

a) GEWONE LEDE

Alle persone bo die ouderdom van 18 jaar wat direk of indirek gemoeid is met die teel van Friesperde kan in aanmerking kom vir lidmaatskap van die Vereniging as Gewone lede. Vir die doeleindes van hierdie subklousule word 'n maatskappy, beslote korporasie, vennootskap of regspersoonlikheid wat in die RSA handel dryf, beskou as 'n persoon en kan in aanmerking kom vir Gewone Lidmaatskap van die Vereniging.

b) LEWENS-ERELID

Vir spesiale dienste gelewer in belang van die ras, mag die Algemene Jaarvergadering 'n persoon tot Lewens-Erelid verkies, op voorwaarde dat dit op aanbeveling van die Raad geskied. Sodanige Lewens-Erelid sal al die regte en voorregte van lidmaatskap geniet, insluitende stemreg by enige vergadering van die Vereniging en sal ook tot die Raad verkiesbaar wees.

c) SPESIALE ERELEDE

Persone wie nie noodwendig aktief gemoeid is met die teelv van Friesperde nie, mag deur die Raad verkies word tot Spesiale Erelid, op sodanige voorwaardes soos deur die Raad bepaal mag word. 'n Spesiale Erelid sal geen stemreg by vergaderings van die Vereniging hê nie, en ook nie tot die Raad verkiesbaar wees nie.

d) JUNIOR LEDE

Persone onder die ouderdom van 18 jaar mag, mits die Raad dit goedkeur, Junior Lede word. Sodanige Junior Lede sal geen stemreg by vergaderings hê nie en nie tot die Raad verkiesbaar wees nie. Na die betaling van die vasgestelde gelde mag hulle aan die ander aktiwiteite van die Vereniging deelneem.

## 3.2 MAATSKAPPY, BESLOTE KORPORASIE, VENNOOTSKAP OF REGSPERSOONLIKHEID

3.2.1 'n Maatskappy, Beslote Korporasie, Vennootskap of regspersoonlikheid wat om Gewone lidmaatskap aansoek doen, moet aan die Vereniging sodanige feite en gegewens voorlê as wat nodig mag wees om die aard van die beherende aandeel daarin te bepaal en moet dan, of te eniger tyd daarna, benewens die vereiste gegewens wat van alle aansoekers verlang word, die Vereniging verder in kennis stel van die naam en adres van die persoon wat aangestel is om as sy verteenwoordiger by die vergaderings van die Vereniging op te tree; Op die verdere voorwaarde dat sodanige persoon die reg sal hê om skriftelik 'n plaasvervanger te benoem. Sodanige skriftelike benoeming moet die Sekretaris nie later as 7 dae voor die aanvang van die vergadering waarop sodanige plaasvervanger moet stem, bereik nie.

Ten opsigte van 'n Vennootskap moet die volle name en adresse van alle vennote by tye van aansoek om lidmaatskap aan die Vereniging verstrek word en sulke vennote sal gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik wees vir alle verpligtinge teenoor die Vereniging.

3.2.2 Alle stukke wat aan sodanige gevolmagtigde verteenwoordiger, soos in Klousule 3.2.1 uiteengesit gerig is, word beskou as behoorlik op die Maatskappy, Beslote Korporasie, Vennootskap of regspersoon bestel te wees en by alle vergaderings wat deur sodanige gevolmagtigde verteenwoordiger namens die Maatskappy, Beslote Korporasie, Vennootskap of regspersoon beskou as behoorlik verteenwoordig te wees.

3.2.3 Die hoof persoon wat op so ŉ manier aangewys is om sodanige Maatskappy, Beslote korporasie, Vennootskap of regspersoon te verteenwoordig, mag tot die Raad verkies word.

3.2.4 Indien so ŉ Maatskappy, Beslote Korporasie, Vennootskap of regspersoon in gebreke bly om aan die vereistes van Gewone Lidmaatskap te voldoen, soos in Klousules 3.1(a) en 3.1(b) uiteengesit, sal sy lidmaatskap van die Vereniging beëindig word en die bepalinge van die volgende Klousule 3.2.5 sal mutatis mutandis ten opsigte van so ŉ Maatskappy, Beslote Korporasie, Vennootskap of regspersoon van toepassing wees.

3.2.5 In die geval van die likwidasie van ŉ Maatskappy of beslote korporasie of die ontbinding van ŉ Vennootskap of regspersoon, sal lidmaatskap van die Vereniging outomaties ten einde loop: Met dien verstande –

a) Alle gelde of bedrae aan die Vereniging verskuldig op die datum van likwidasie of ontbinding deur die Vereniging gevorder sal word van die likwidateur van sodanige Maatskappy of Beslote Korporasie of van die likwidateur van sodanige Maatskappy of Beslote Korporasie of van die lede (hetsy gesamentlik of afsonderlik) van sodanige Vennootskap of regspersoon;

b) Die likwidateur van sodanige Maatskappy of Beslote Korporasie en die lede van sodanige Vennootskap of regspersoon verplig sal wees om al die verpligtinge van so ŉ Maatskappy, Beslote Korporasie, Vennootskap of regspersoon sou moes nakom as lid van die Vereniging; en

c) Enige gelde wat betaalbaar mag wees, soos kuddegelde, registrasies, oordragte of ander verpligtinge wat na so ŉ outomatiese beëindiging van lidmaatskap nagekom moet word, ooreenkomstig die skaal van Gewone Lede of Lewenslede opgelê sal word.

## 3.3 AANSOEK OM LIDMAATSKAP

3.3.1 Aansoek om lidmaatskap van die Vereniging moet op die voorgeskrewe vorm aan die Vereniging gerig word. Die aansoek moet ook vergesel gaan van die betrokke subskripsie en/of intreegeld soos uiteengesit is op die webtuiste van die FPSSA.

3.3.2 ŉ Aansoek om lidmaatskap moet vergesel gaan van die nodige bewys data en die bepaalde vereistes beantwoord word.

3.3.3 Die Raad mag die aansoek om lidmaatskap van enige persoon aanvaar, hetsy onvoorwaardelik of op sodanige voorwaardes as wat die Raad mag bepaal, of enige aansoek weier, sonder om redes vir sodanige weiering te verstrek.

3.3.4 Indien ŉ aansoek om lidmaatskap geweier is, sal die aansoeker geregtig wees op die terugbetaling van enige gelde wat sy aansoek vergesel het.

3.3.5 Lidmaatskap van die Vereniging is nie oordraagbaar nie.

## 4 GEREGISTREERDE TELERS

**4.1** Enige persoon met inbegrip van ’n Maatskappy, Beslote Korporasie, Vennootskap of regspersoon wat woonagtig is of handel dryf in die landstreek in Suider-Afrika waarin die Vereniging registrasiedienste lewer en wat belangstelling toon in die teel van Friesperde, sal in aanmerking kom vir aanvaarding as ’n geregistreerde teler.

4.2 Uitgesonderd die regte

- Om op ’n algemene vergadering te stem; en
- Om tot die Raad verkies te word –

Sal al die regte, voorregte en verpligtinge van lede mutatis mutandis op geregistreerde telers van toepassing wees.

## 5 REGISTER VAN LEDE

5.1 Die Vereniging sal ’n register van alle lede hou waarin die datum van toelating tot lidmaatskap, hul persoonlike en kontak besonderhede asook bedrae van hul ontvang en die datum van betaling, agterstallige gelde, indien enige, wat verskuldig mag wees.

5.2 Elke lid moet die Vereniging per epos in kennis stel van enige veranderinge ten opsigte van sy persoonlike en kontak informasie. Alle kennisgewings of publikasies wat aan ’n lid se aangetekende adres gestuur is, sal beskou word as behoorlik op sodanige lid bestel te wees.

5.3 Alle stukke wat per e pos deur die Vereniging aan lede versend is, sal as bindend beskou word.

## 6 REGTE EN VOORREGTE VAN LEDE

Die regte en voorregte van elke lid van die Vereniging is persoonlik op homself van toepassing en is nie oordraagbaar nie.

Regte van die lede sal, onderworpe aan die bepaling van Klousule 3, die volgende insluit:

a) Om alle verslag en ander publikasies te ontvang wat deur die Vereniging vir verspreiding onder lede uitgegee word;
b) Om alle algemene vergaderings van die Vereniging by te woon en om op sodanige vergaderings te stem;
c) Om aansoek te doen om die aantekening/registrasie van Friesperde in ooreenstemming met die bepalinge van die Grondwet;
d) Om, indien beskikbaar, alle deskundige tegniese advies met betrekking tot aangeleenthede rakende Friesperde van die Genootskap se inspekteurs en amptenare te ontvang. Alle koste wat hieraan verbonde mag wees, moet deur die aansoeker betaal word;
e) Om die Vereniging se amptelike verslae te raadpleeg en te gebruik;
f) Om oor al die regte en voorregte en verpligtinge soos in die Grondwet uiteengesit, te beskik.
g) Om deel te neem aan die jaarlikse nasionale FPSSA skou en om aansoek te doen om keuring van perde deur KFPS keurders.

## 7 LEDEGELDE EN LEDE

7.1 Alle ledegelde of enige ander gelde en kommissie aan die Vereniging betaalbaar, word van tyd tot tyd deur die Raad bepaal en word vir kennisname op die eerste daaropvolgende algemene vergadering van die Vereniging voorgelê.

7.2 Die jaarlikse ledegelde is vooruitbetaalbaar op 1 Maart l van elke jaar.

**7.3** Enige lid wie se ledegeld agterstallig is of wat geld aan die Vereniging skuld ten opsigte van enige gelde of verpligtinge vir meer as 30 dae nadat n rekening ter betaling daarvan deur die verenigning aan sodanige lid gestuur is, sal verder geen regte en voorregte van lidmaatskap geniet voordat sodanige skulde vereffen is nie**.**

7.4 Die Raad mag opdrag gee dat rente en/of boetes gehef word op die agterstallige rekeninge teen ŉ koers soos van tyd tot tyd deur die Raad vasgestel sal word.

7.5 Enige lid wie, om watter rede ookal, ophou om lid van die Vereniging te wees, sal aanspreeklik bly vir alle bedrae wat ten tye van die beëindiging van sy lidmaatskap deur hom aan die Vereniging verskuldig was.

7.6 Indien die Raad sou beslis dat die rekening van ŉ lid agterstallig is of ten tye van die beëindiging van sy lidmaatskap uitstaande is, sal so ŉ lid, indien sy rekening vir invordering aan ŉ firma van prokureurs oorhandig word, verantwoordelik gehou word vir die betaling van alle regskoste, invorderingsgelde, prokureursgelde en kliëntkoste wat dit mag meebring, saam met die oorspronklike bedrag, boetes en eise wat deur hom aan die Vereniging verskuldig is.

## 8 STEMREG EN VOLMAG

8.1 Enige stemgeregtigde lid kan enige ander persoon (of die nou ŉ lid van die Vereniging is of nie) aanstel om as sy gevolmagtigde op ŉ vergadering teenwoordig te wees, te praat en te stem.

8.2 ŉ Lid is nie geregtig om meer as een gevolmagtigde aan te stel nie.

8.3 ŉ Kennisgewing van ŉ vergadering moet ŉ opvallende verklaring bevat dat elke lid die reg het om ŉ gevolmagtigde aan te stel en dat die gevolmagtigde nie self ŉ lid hoef te wees nie en hierdie verklaring moet ook op die voorkant van elke volmagvorm wat deur die Vereniging uitgereik word, verskyn, behalwe in die geval van stemreg soos in klousule 8.1 hierbo uiteengesit.

## 9 BEDANKINGS, SKORSINGS EN OPHEFFING VAN STEMREG VAN LEDE

9.1 Enige lid mag bedank as lid van die Vereniging deur nie minder nie as een maand voor die tyd skriftelik kennis daarvan aan die Vereniging te gee. Met dien verstande dat –

a) Geen ledegelde of gedeelte daarvan terugbetaalbaar sal wees nie; en

b) Alle gelde aan die Vereniging verskuldig ten volle betaal is en die lid sy verpligtinge nagekom het ten opsigte van dokumente, rekords, aantekeninge/registrasies en oordragte of enige ander verpligting met betrekking tot sy lidmaatskap deur die Vereniging vereis.

c) Die lid wat bedank moet alle oorspronklike perde registrasie papiere terugstuur na die Fpssa kantoor.

## 9.2 SKORSING VAN LEDE

9.2.1 Die Raad mag ŉ lid skors wat:

a) In gebreke gebly het om enige bedrag wat deur hom aan die Vereniging verskuldig is, te betaal binne 30 dae nadat ŉ eis vir sodanige vereffening deur die Vereniging onderteken, aan hom ge epos is.

b) Die Grondwet of enige reël van die Vereniging oortree het of wat volgens die oordeel van die Raad op enige wyse oneerbaar of afbrekende teenoor die karakter, of ten nadele van die belange van die Vereniging, opgetree het;

c) Deur sy optrede of gebrek daaraan werklike en moontlike oneer aan die Vereniging gebring het of wat skuldig was aan gedrag ten werklike of moontlike nadele van die doelstellings van die Vereniging;

d) Met opset of vir persoonlike gewin of voordeel, foutiewe informasie aan die Vereniging of enige van sy amptenare of beamptes of beoordelaars by skoue verstrek het, of wat aan die liggaam van ŉ Friesperd sodanige verandering aangebring het om enige persoon te mislei;

e) Probeer om ŉ amptenaar van die Vereniging om te koop; of

MET DIEN VERSTANDE DAT geen stappe vir skorsing geneem sal word teen ŉ lid van die Vereniging nie, alvorens die Vereniging nie minstens 30 dae voor die datum van die Raadsvergadering waarop sodanige skorsing in kennis gestel word van sy voorgestelde skorsing en waarin daar ŉ beroep op hom gedoen word om persoonlik, of indien hy so verkies, deur sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger, sy kant van die saak op die Raadsvergadering te stel.

9.2.2 Die Raad of enige Komitee van die Raad sal geregtig wees om behoorlik navraag te doen in verband met die gedrag van ŉ lid as wat die Raad of sy Komitee mag goedvind en die Raad of sy Komitee sal geregtig wees om sodanige informasie by sulke plek, persoon, firma en/of instansie in ontvangs te neem en daarop te handel op so ŉ wyse as wat die Raad goeddink. Die gewone reëls wat betref die lewering van getuienis sal nie van toepassing wees op sodanige bona fide navraag nie, en geen lid sal enige aksie, eis en/of reg van verhaal teen die Raad of sy Komitee hê in verband met enige aangeleentheid en/of saak wat voortspruit uit sodanige navraag of informasie wat bekom was nie.

9.2.3 Enige lid wat geskors is, moet deur die Vereniging per epos daarvan in kennis gestel word binne drie dae na die datum waarop die besluit met betrekking tot sy uitsetting goedgekeur is.

9.2.4 Na sodanige skorsing van ŉ lid sal die Raad sy naam uit die Kuddeboek of enige ander registers of verslae van die vereniging verwyder en by die KFPS verseker vir die kansellering van alle aantekeninge/registrasies ten opsigte van enige nuwe registrasies van perde. Die Raad sal verder van die geskorste lid verlang om onverwyld die aantekeninge of registrasiesertifikate ten opsigte van perde wat ten tye van sy skorsing in sy besit was, aan die Vereniging te oorhandig en na sodanige datums sal geen perde deur hom geteel, aangeteken/geregistreer of oorgedra word nie; geen geboortekennisgewings ontvang van hom sal aanvaar word nie en hy sal dienooreenkomstig in kennis gestel word.

9.2.5 Enige lid wat geskors word, sal alle gelde deur hom verskuldig aan die Vereniging ten volle betaal en al sy verpligtinge nakom ten opsigte van aantekeninge/registrasies en oordragte of enige ander verpligtinge met betrekking tot sy lidmaatskap.

### 9.3 OPHEFFING VAN STEMREG

9.3.1 Enige lid wat vir ŉ termyn soos wat die Raad van tyd tot tyd mag bepaal, geen Friesperde in sy naam laat aanteken/registreer nie, of wat nie aangetekende/geregistreerde perde gedurende sodanige tydperk aangekoop het, waarvan die oordragte in sy naam geregistreer is nie, sal sy stemreg ingevolge Klousule 6(a) verbeur.

9.3.2 Die stemreg van geen lid sal opgehef word mits hy nie ten minste 30 dae voor die vergadering waarop sodanige opheffing in werking sal tree, daarvan deur die Sekretaris in kennis gestel is nie.

9.3.3 Sodanige opheffing van stemreg van ŉ lid sal van krag bly totdat hy weer perde laat aanteken/registreer, waarna die opheffing van sy stemreg onmiddellik beëindig sal word sonder dat enige kennisgewing tot dien effekte aan hom gegee moet word.

9.3.4 Die opheffing van stemreg op die hierin vermelde wyse sal geensins die ander regte en/of verpligtinge van lidmaatskap affekteer nie.

## 10 HERINSTELLING VAN LEDE

Enige persoon wat opgehou het om lid van die Vereniging te wees, mag weer vir die lidmaatskap in aanmerking kom ooreenkomstig die bepalinge van Klousule 3.3 en nadat alle agterstallige gelde vereffen is. Alle registrasie papiere sal weer aan die lid verskaf word.

## 11 VERKIESING VAN RAAD EN UITVOERENDE KOMITEE

11.1 SAMESTELLING VAN DIE RAAD

Die belange van die Vereniging word beheer en bestuur deur ŉ Raad wat uit vyf lede sal bestaan, welke lede tydens ŉ Algemene Jaarvergadering verkies word.

11.2 Die metode van verkiesing sal soos volg wees –

- Stemming sal per geslote stembrief geskied. Sodanige stembrief sal geen nommer en/of handtekening bevat om die identiteit van die kieser te openbaar nie.

11.3 Die verkose Raadslede vergader onmiddellik na afloop van die Algemene Vergadering waarop hulle verkies is, om die volgende Ampsdraers, uit die geledere van verkose Raadslede, te nomineer en te verkies.

Voorsitter

Vise-Voorsitter; en

Sekretaris / Finansiele beampte

Keuring en skou beampte

11.4 Die metode van verkiesing van die Ampsdraers, deur die vyf raadslede, sal ook wees soos bepaal in Klousule 11.2 hierbo of per stemming per hand.

11.5 Indien ŉ lid van die Raad te sterwe kom, ophou om lid van die Vereniging te wees, of sy amp verbeur ingevolge Klousule 11.5, kan die Raad ŉ ander lid van die Vereniging aanwys as sy plaasvervanger met volle magte vir die res van sy dienstermyn. Die Raad sal as behoorlik gekonstitueer beskou word en sal voortgaan om al die magte wat aan hom opgedra is uit te voer, nieteenstaande enige vakatures wat daarin mag ontstaan.

11.6 In die geval waar die pos van Voorsitter of Vise-Voorsitter vakant raak voor die verstryking van die tydperk waarvoor hy tot die Raad verkies is, moet die Raad by sy daaropvolgende vergadering, per stembriefies, een uit sy geledere nomineer en verkies om die vakature te vul vir die onverstreke tydperk.

11.7 Lede van die Raad wat van twee agtereenvolgende vergaderings van die Raad afwesig is sonder toestemming, sal hul amp verbeur.

11.8 Benewens die vyf verkose lede van die Raad sal daar ook die volgende persone wees wat op die Raad kan dien in 'n adviserende hoedanigheid, maar sonder stemreg:

a) DEPARTEMENTELE VERTEENWOORDIGER

Die Minister het die reg om 'n amptenaar van sy Departement te benoem om hom op die Raad te verteenwoordig.

b) ERE-LEWENS VISE-VOORSITTER

Vir uitsonderlike dienste aan die ras, mag persone op aanbeveling van die Raad by die Algemene Jaarvergadering verkies word tot Ere-Lewens Vise-Voorsitter, met dien verstande dat sodanige aanbeveling deur ten minste driekwart van die lede van die vergadering gesteun word.

### 11.9 AMPSTYDPERK

Die Bestuurslede se ampstyd sal voortaan op kontiniuteitsbasis plaasvind. Die tydperk van diens is drie jaar. Elke jaar tydens Algemene Jaarvergadering tree ten minste een bestuurslid uit, maar kan herkiesbaar wees.

## 12 MAGTE EN PLIGTE VAN DIE RAAD

Die Raad het, onderworpe aan die bepalings van die Grondwet en die besluite van die Vereniging soos van tyd tot tyd geneem word, die mag om sodanig op te tree as wat in belang van die Vereniging is, of vir die bevordering en volvoering van sy doelstellings wat nodig of wenslik geag mag word.

In die besonder het die Raad die mag om-

12.1 Betaling van lenings op enige wyse te sekureer, insluitende die verhipoteking of verpanding van goed, en sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid daarvan, in besonder deur die uitreiking van die soort skuldbrief of skuldbriefeffekte, met of sonder sekuriteit;

12.2 Geld aan enige persoon of maatskappy te leen;

12.3 Vrywarings en waarborge en borgstellings aan te gaan en betaling daarkragtens op enige wyse te beveilig;

12.4 Donasies of skenings te maak;

12.5 ŉ trust te onderneem en uit te voer;

12.6 Gratifikasies en pensioene te betaal en pensioenskemas, en ander aansporingskemas ten opsigte van sy ampsdraers en werknemers tot stand te bring;

12.7 Onderhewig aan die bepalings van Klousule 7.1 die ledegelde of verpligtinge van tyd tot tyd te wysig of aan te pas en om enige bykomende gelde en verpligtinge aan te bevel soos nodig geag mag word;

12.8 Een of meer bankrekenings namens die Vereniging te open en enige wissel, skuldbewys, tjek of ander verhandelbare dokumente wat op sake van die Vereniging betrekking het, te trek, te aanvaar, te endosseer, aan te gaan of uit te voer;

12.9 Geboue-, grond, goedere, roerende bates en besittings te koop, te huur, op verband te neem of vir die Vereniging aan te skaf; om roerende goedere of vaste eiendom van die Vereniging te verkoop, te verpand, te verhuur, te vervreem of andersins daarvan ontslae te raak, en die vergoeding daaruit verkry op so ŉ wyse aan te wend as wat tot die grootste voordeel van die Vereniging gereken mag word;

12.10 Enige gelde wat nie vir die onmiddellike behoeftes van die Vereniging nodig is nie, te belê of op enige ander wyse te behartig teen sodanige sekuriteite en op sodanige voorwaardes soos die Raad mag goedvind en van tyd tot tyd enige sodanige beleggings te verander of te onttrek;

12.11 Al die koste en rekenings met betrekking tot die administrasie om bestuur van die Vereniging te betaal;

12.12 Gelde, donasies en ander skulde en fondse in te samel en te ontvang en dit tot voordeel van die Vereniging en/of bevordering van die Friesperdras aan te wend;

12.13 Op sekuriteit van enige eiendom van die Vereniging geld vir die Vereniging te leen.

12.14 Ooreenkomstig Klousule 7.3 te weier om inspeksie, aantekening/registrasie en ander werk vir lede te doen indien hulle rekeninge agterstallig is’

12.15 Algemene vergaderings van die Vereniging te belê, of na aanleiding van ŉ spesiale versoek daartoe wat volgens die bepalinge van die Grondwet gerig is, of andersins indien dit noodsaaklik geag word;

12.16 Na goeddunke sodanige ouditeure, prokureurs of ander regsverteenwoordigers, agente, ampsdraers of amptenare of ander werknemers permanent, tydelik of met die oog op spesiale dienste aan te stel, te ontslaan of te skors, om hul magte en pligte te bepaal, hul vergoeding en diensvoorwaardes vas te stel en om sodanige voorsorg te tref vir die behoorlike uitvoering van hul pligte, as wat in besondere gevalle raadsaam geag mag word;

12.17 ŉ geding in te stel, te voer, te laat voer, te verdedig, of ŉ skikking aan te gaan ten opsigte van enige geregtelike stappe deur of teen die Vereniging of teen enige van sy ampsdraers of amptenare of ander werknemers, in verband met die aangeleenthede van die Vereniging, en om

enige skulde wat betaalbaar is, te verminder, of uitstel te verleen vir die afbetaling daarvan of die voldoening aan enige eise of aanskrywing deur of teen die Vereniging;

12.18 Kontrakte buite die Republiek aan te gaan om kontrakte, aktes en dokumente in ŉ vreemde land te verkry;

12.19 Aanbevelings te maak ingevolge die Wet met betrekking tot die invoer en uitvoer van Friesperde, semen en eiselle;

12.20 Inspekteurs aan te stel om Friesperde wat vir aantekening/registrasie aangebied is, te keur en vir die doel van enige ander werksaamhede waarvoor lede van die Vereniging die dienste van die inspekteurs mag verlang en om aan sodanige inspekteurs opdragte te gee en magte te verleen met betrekking tot hul pligte om te verseker die doenstellings van die Vereniging uitgevoer word, of om hulle te ontslaan;

12.21 Opdrag te gee aan Inspekteurs en/of amptenare van die Vereniging om ondersoek in te stel na gevalle waar daar nie behoorlik rekords gehou word nie, of waar daar twyfel mag ontstaan met betrekking tot die identiteit van ŉ per of perde en om sodanige stappe te neem soos in die belang van die Vereniging wenslik geag mag word;

12.22 Die dienste van enige lid van die Vereniging te koöpteer en om subkomitees te benoem op voorwaardes en sodanige magte aan hul te verleen as wat van tyd tot tyd wenslik geag mag word. Die Voorsitter en Vise Voorsitter van die Vereniging is ex officio lede van die subkomitees met alle regte en voorregte;

12.23 Sodanige reëls en voorwaardes op te stel met betrekking tot die kwalifikasies en benoeming van beoordelaars van Friesperde as wat nodig geag mag word, met dien verstande dat geen persoon as beoordelaar van Friesperde aangestel sal word alvorens hy voldoen aan sodanige vereistes as wat deur die Raad bepaal mag word nie.

12.24 ŉ sisteem van beoordeling en keuring ten opsigte van inspeksie van Friesperde in te stel en om reëls, voorwaardes en terme aangaande sodanige inspeksies, en met betrekking tot keuring te formuleer: Met dien verstande dat wanneer die Raad enige sodanige reëls by die eersvolgende algemene jaarvergadering van die Vereniging vir die inligting van sodanige vergadering voorgelê moet word;

12.25 Aan enige lid van die Raad of enige amptenaar of werknemer van die Vereniging verlof tot afwesigheid toe te staan vir enige tydperk en op sodanige voorwaardes as wat in elke geval bepaal mag word;

12.26 Een of meer lede of amptenare aan te stel met die gesag om namens die Vereniging dokumente te onderteken, stukke en gegewens te ontvang, geregtelike stappe te doen, op te tree, ŉ eis in te stel,

of gedagvaar te word, sodat die sake van die Vereniging beter en gemakliker uitgevoer en afgehandel kan word;

12.27 Reëls en regulasies met betrekking tot die beheer van sake en die uitvoer van die doelstellings van die Vereniging op te stel, te wysig of op te hef;

12.28 Ooreenkomstig Klousule 9 die lidmaatskap van enige persoon te beëindig;

12.29 Sodanige strawwe of boetes op te lê of af te dwing soos wat tyd tot tyd vir lede van die Vereniging voorgeskryf mag word, vir die oortreding of skending van die Grondwet, reëls en regulasies van die Vereniging;

12.30 Enige bylae wat by die Grondwet aangeheg is, te verander of te wysig soos van tyd tot tyd nodig geag mag word;

12.31 In die algemeen alles wat nodig is, te doen met die oog op die welvaart van die Vereniging en hantering van sy sake altyd op voorwaarde dat enige stappe wat gedoen word of opdragte wat gegee word, nie teenstrydig sal wees met die bepalinge van die Wet en die Grondwet nie.

.

## 13 ALGEMENE VERGADERINGS

13.1 ŉ Algemene vergadering van die Vereniging wat bekend staan as die Algemene Jaarvergadering word een keer in ŉ kalender jaar gehou, op so ŉ tyd en plek as wat die Raad mag bepaal.

13.2 By so ŉ Algemene Jaarvergadering sal die Raad sy jaarverslag aan die Vereniging voorlê, tesame met ŉ behoorlik balansstaat, inkomstestaat en ŉ verslag van die finansiële jaar waarop die verslag betrekking het asook n jaarplan vir die volgende jaar met n begroting.

Sodanige Algemene Jaarvergadering moet gehou word;

a) Nie later nie as twaalf maande na die einde van elke finansiële jaar van die Vereniging (28 Februarie van elke jaar);
b) Binne hoogstens 18 maande van die datum van die jongste voorafgaande Algemene Jaarvergadering van die Vereniging;

13.3 ŉ Spesiale Algemene Jaarvergadering van die Vereniging mag te eniger tyd belê word deur –

a) Die Raad; of
b) Die Voorsitter (of in die afwesigheid, die Vise Voorsiteer) en sal in laasgenoemde geval belê word op grond van ŉ skriftelike aansoek daartoe, wat aan die Vereniging gerig is, en wat deur nie minder as tien van die lede van die Vereniging onderteken is. So ŉ aansoek moet die doelstellinge van die vergadering duidelik uiteensit en gedurende sodanige vergadering mag slegs die gemelde sake behandel word.

13.4 ŉ Voorlopige kennisgewing van die tyd, datum en plek van ŉ Algemene Jaarvergadering moet minstens 60 dae voor die vergadering deur die Vereniging aan elke lid geepos of in die amptelike mondstuk van die Vereniging gepubliseer word. Enige lid wat van plan is om enige saak by die

Algemene Jaarvergadering vir bespreking voor te lê, moet die Vereniging skriftelik daarvan in kennis stel, nie minder nie as 40 dae voor die vergadering.

13.5 ʼn Finale kennisgewing van die tyd, datum en plek waarop enige algemene of spesiale vergadering gehou sal word, tesame met die agenda vir die vergadering, moet minstens 30 dae voor die vergadering aan elke lid van die Vereniging ge epos word.

13.6 Daar sal geen besluit op ʼn Algemene Jaarvergadering geneem word, tensy kennis daarvan op die agenda, wat tesame met die kennisgewing van die vergadering met ʼn twee-derde meerderheid van stemme, van lede wat teenwoordig en stemgeregtig is, besluit om enige saak wat nie spesifiek op die agenda is nie, te bespreek en daaroor te stem.

13.7 Enige Algemene Jaarvergadering mag verdaag word deur ʼn twee-derde meerderheidstem van die lede wat daarby teenwoordig is.

13.8 Vir die doel om besluite op ʼn Algemene Jaarvergadering geneem, te herroep, word ʼn twee-derde meerderheid op ʼn Algemene Jaarvergadering vereis.

13.9 Die Voorsitter beklee die voorsitterstoel by alle vergaderings en indien hy afwesig is, beklee die Vise-Voorsiter die amp. Indien daar nie een van hierdie ampsdraers by ʼn vergadering teenwoordig is nie, moet die lede wat teenwoordig is, ʼn ander lid verkies om by sodanige vergadering die voorsitterstoel te beklee en enige persoon wat op so ʼn manier verkies is, sal met betrekking tot daardie vergadering die mag beskik om al die pligte van die Voorsiteer uit te voer.

13.10 Alle sake wat voor enige vergadering gelê word, tensy andersins voorsien word, moet besleg word deur die meerderheid van stemme van die lede wat by die vergadering teenwoordig is stemgeregtig is en in die geval van ʼn staking van stemme, sal die persoon wat by daardie vergadering die voorsitterstoel inneem, ʼn beslissende stem na sy gewone stem hê.

13.11 Onderwerpe aan die bepalings van Klousule 8.2 sal stemming by alle vergaderings met die opsteek van hande geskied, tensy enige teenwoordige lid stemming per briefies verlang, in welke geval stemming per geslote stembriefies sal geskied.

13.12 Geen saak wat behoorlik en grondwetlik op enige vergadering afgehandel is, kan ongeldig verklaar word slegs weens die feit dat enige lid geen kennisgewing kragtens die vereistes van die Grondwet ontvang het nie.

## 14 KWORUMS

14.1 Agt van die lede van die Vereniging wat persoonlik teenwoordig is by die aanvang van enige Algemene Jaarvergadering vorm ʼn kworum vir so ʼn vergadering, terwyl drie raadslede wat persoonlik teenwoordig is by enige Raadsvergadering en wat stemgeregtig is, ʼn kworum vir so ʼn Raadsvergadering sal vorm.

14.2 Indien daar by enige vergadering nie ʼn kworum teenwoordig is nie, kan die vergadering verdaag tot ʼn tyd (nie minder nie as sewe dae daarna) wat deur die lede persoonlik teenwoordig bepaal word. Op so ʼn uitgestelde vergadering vorm die teenwoordige lede wel ʼn kworum. Met dien verstande dat enige vergadering waar daar geen kworum is nie, maar waar die Voorsitter of Vise-Voorsitter teenwoordig is, ʼn kworum vorm vir die afhandeling van sodanige sake (behalwe grondwetlike wysigings) as wat die lid wat die voorsitterstoel beklee, dringend mag verklaar. Sodanige vergadering vir ʼn halfuur sal nie tot nadeel van die regte van die vergadering wees nie, om na aandag aan die noodsaaklike aangeleenthede gegee is te verdaag tot ʼn tyd en plek soos hierin bepaal.

14.3 Die raadsvergaderings kan in oorleg met die meerderheid lede ook op digitale media geskied.

## 15 NOTULES VAN VERGADERINGS

15.1 ŉ Afskrif van die notule van alle algemene vergaderings sal voorsien word aan elke lid van die Vereniging.

15.2 Die notule van alle vergaderings geteken deur die Voorsitter of ŉ persoon wie die voorsitterstoel beklee gedurende die daaropvolgende vergadering, uitgesluit ŉ spesiale vergadering, sal bewys wees daarvan dat alle verrigtinge behoorlik geskied het en dat alle verkiesings, aanstellings en besluite aanvaar gedurende sodanige vergadering, bindend en van krag is.

## 16 FINANSIëLE BEPALINGE

16.1 Die Raad sal sorg dat een of meer bankrekening namens die Vereniging geopen word, waarin alle gelde wat die Vereniging ookal mag ontvang, gedeponeer word.

16.2 Alle betalings uit die fondse van die Vereniging word per elektroniese oorplasing gedoen en die oorplasing moet deur die Sekretaris of ŉ persoon wat deur die Raad daartoe aangestel is, geteken word en mede-onderteken deur sodanige persoon of persone as wat deur die Raad daartoe gemagtig is.

16.3 Die Vereniging moet behoorlike rekeningboek hou en ŉ behoorlik balansstaat, inkomstestaat en verslag van die finansies van die Vereniging soos dit op 28 Februarie van die finansiële jaar waarop die verslag betrekking het, soos uiteengesit in Klousule 14.2 moet aan die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging voorgelê word.

16.4 Al die besittings van die Vereniging is gevestig in die Raad.

16.5 Die inkomste en besittings van die Vereniging, uit watter bron ookal ontvang, sal enkel en alleen aangewend word ter bevordering van die doelstellings van die Vereniging en geen deel daarvan sal direk of indirek as dividend of bonus of andersins betaal of oorgedra word aan enige persone wat te eniger tyd lede van die Vereniging is of was nie, op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is, die betaling in goeder trou aan enige werknemer of ander persoon vir dienste wat aan die Vereniging gelewer is, kan verhoed nie.

16.6 Indien daar na die beëindiging of ontbinding van die Vereniging en nadat al die skulde en verpligtinge nagekom is, enige eiendom oorbly, sal sodanige eiendom nie onder die lede van die Vereniging verdeel of aan hulle uitbetaal word nie, maar geskenk of oorgedra word aan sodanige ander instellings waarvan die doelstellinge ooreenstem met die van die Vereniging soos deur die meerderheid op ŉ Algemene Jaarvergadering van die Vereniging besluit.

16.7 Die finansiële jaar van die Vereniging neem ŉ aanvang op 1 Maart van elke jaar en sluit op 28 Februarie van die daaropvolgende jaar.

## 17 LIDMAATSKAP VAN STAMBOEK EN AFFILIASIE

Die Vereniging sal lidmaatskap van die KFPS in stand hou op die voorwaardes soos deur die KFPS bepaal word. Verder kan die Vereniging ook met enige vereniging, genootskap of organisasie, waarvan die doelstellings met die van die Vereniging ooreenstem, affilieer of inkorporeer, op voorwaardes dat so ŉ besluit goedgekeur word deur minstens twee-derdes van die stemgeregtigde lede wat by enige Algemene Jaarvergadering van die Vereniging persoonlik teenwoordig is om te stem.

## 18 KONSTITUSIONELE WYSIGINGS

18.1 Byvoeginge tot, of wysiginge, of veranderings van die Grondwet mag slegs aangebring word deur die meerderheidsbesluit van nie minder nie as twee-derdes van die lede wat by ŉ Algemene Jaarvergadering van die Vereniging teenwoordig is, stemgeregtig is en stem. Ook moet van die voorgestelde wysiginge of byvoeginge van die Grondwet, asook van die vergadering skriftelik kennis gegee word aan elke lid van die Vereniging nie minder nie as 30 dae voor die vergadering.

## 19 KANTOOR VAN DIE VERENIGING

Die kantoor/kantore van die Vereniging sal op ŉ plek/plekke wees soos wat die Raad mag bepaal.

## 20 OUTENTIEKE LESING VAN HIERDIE GRONDWET

Aangesien hierdie Grondwet en die bygaande bylaes in Afrikaans opgestel, ingedien en oorweeg is, word die Afrikaanse lesing as die outentieke vertolking beskou.